

Swanedam sê vir eers totsiens: 'n Persverklaring

Vanaand is dit tyd vir partytjie – 'n afskeidsparty, om spesifiek te wees, by Noorman se Kroeg & Pizzeria. Die spesiale gas is Erika Swanedam, 'n gewilde figuur in die plaaslike expat gemeenskap, wat môre vertrek op 'n lang beplande en verdiende rusperiode in die Republiek. Die gewone groep bewonderaars, vriende, meelopers en een of twee nuuskieriges is teenwoordig om aan haar 'n aangename reis toe te wens.

Die aand het vroeg reeds 'n aanvang geneem. Soos die skrywer van hierdie nuusberig uiteindelik sy opwagting maak, herken hy onmiddelik in die klein skare die gesigte van Karel Mykonos, Henk Verster, Erik de Vos en laasgenoemde se vriend, Wessel Fourie. Swanedam sit saam met 'n groepie bewonderaars by 'n tafel, en is – soos verwag kan word – besig met 'n intieme gesprek op haar sellulêre foon. Die skrywer ruil 'n vriendelike blik met Swanedam, en merk feitlik onmiddelik daarna op dat Mykonos besig is om 'n ongewone groot pizza by die kroegtoonbank te verorber. Hy stap nader, lig sonder versuim vir Verster – wat langs Mykonos sit – in dat iemand in die hoek hom graag wil sien, en skuif in sy plek in.

Van die tafel se kant af kondig Swanedam selfbewus aan dat die telefoongesprek met haar ma was; derhalwe nie met enige van die loslopers saam met wie sy gereeld gesien word nie. Almal knik beleefd hul koppe, en gaan voort met hul gedempte gesprekke.

Om (waarskynlik) die aand se verrigtinge effens op te beur, bars Jan die Kroegman los met 'n kort impromptu lesing oor slange. Toe hy sien belangstelling aan die ander kant van die toonbank toon tekens van lewe, gaan hy oor na stap twee: hy trek 'n hok onder die toonbank uit om sy slapende troetel boomslang te vertoon aan die enkele nuuskieriges.

Mykonos spoel 'n hap pizza af met 'n sluk loutwarm bier, draai na twee Britte wat te na aan hom sit en jaag hulle binne 'n minuut die skrik op die lyf met 'n storie oor slange in die bosse van Zimbabwe. De Vos en Fourie maak opgewonde grappe in Chinees, en Verster, wat weer sy opwagting by die toonbank

gemaak het, verdwyn weer stil-stil na die naaste hoek. Die kroegman probeer intussen sy bes om die slang uit sy kas te lok. Die skrywer benut die kortstondige chaos deur Mykonos se bier in 'n skoon glas te leeg, en begin op die agterkant van sy pakkie sigarette kriptiese aantekeninge maak.

Na die ietwat teleurstellende slangvertoning breek die groep weer op. Meeste drentel terug na Swanedam se tafel om haar onlangs opgedateerde foto-albums te bewonder.

Dis 11:30, en die fut van die party is so te sê uit. Almal begin nader staan vir 'n laaste geselsie met die eregas van die aand.

Swanedam, in 'n gemmerkleurige broek met bypassende swart bloesie, is 'n elegante beeld van 'n vrou wat in 'n verbasende kort tydjie 'n indrukwekkende sosiale reputasie opgebou het. Sy skerts met vriende en vreemdelinge asof almal familie is, en toe die eerstes begin loop, bedank sy hulle een vir een vir hulle teenwoordigheid.

Teen middernag is net die gewone karakters vergader om Swanedam se tafel. Mykonos krap sy maag, en roer skaamteloos die onderwerp aan van “so vier kilo’s biltong.” (Hy knip dadelik sy beursie oop en trek twee note uit, voordat Swanedam beswaar kan maak.) De Vos en Fourie staar ingedagte na die groepie mense, en raak pittighede kwyt elke keer as 'n geleentheid homself voordoen. Henk Verster rol verveeld snoekerballe oor die tafel, en verduidelik kantlangs aan die Britte hoekom hy meen die Filippyne is 'n beter opsie as Thailand vir goedkoop vakansies.

Die skrywer merk op dat die een Brit 'n halwe bottel bier onbewaak op die toonbank gelaat het. Hy ruil dit om vir Mykonos se leë bottel, en maak 'n paar laaste aantekeninge op laasgenoemde se onbetaalde rekening. In sy skik met 'n joernalistieke funksie wel gedaan, sluk hy die bier af met een teug, en besluit om self nader te staan vir 'n afsheidsomhelsing met die lieflike Swanedam. Hy beur sy pad oop na die spesiale gas, mompel 'n paar onhoorbare woorde van goeie wense, lig sy pet vir die omstanders, en steier deur se kant toe. Hy kan

maar net raai dat die intieme groepie vriende nog 'n rukkie sal staan en gesels, voordat ook hulle na hul onderskeie huise sal terugkeer.

Die hele Redaksie wens die lieflike Erika Swanedam 'n aangename reis toe na die land van haar geboorte, en hoop dat sy die tyd met haar familie en vriende ten volle sal geniet. Almal – die skrywer ingesluit – sien uit na haar terugkeer.

NOTA:

HIERDIE DOKUMENT BEVAT TEKS UIT
DERTIEN MINUTE OP 'N SATERDAGAAND
DEUR BRAND SMIT.

VIR MEER INLIGTING, BESOEK ASSEBLIEF
BRANDSMIT.NET

JY IS WELKOM OM KOPIEË VAN HIERDIE
DOKUMENT TE VERSPREI SOLANK DIE INHOUD
ONVERANDERD BLY.

© 2015 BAREND J. L. SMIT